

## Sondag 19 Mei

<b>Skrifgedeelte: Johannes 6:41-59</b>	<b>Fokusgedeelte: Johannes 6:56 (1933/53-vertaling; 2016-Direkte Vertaling)</b>
--	---

### **Kerkhervorming – Calvin: Nagmaal gee uitdrukking aan ons eenheid met Christus**

Johannes Calvin (1509-1564) is in 1538 uit Genève verban omdat hy en Farel as kollegas daarop aangedring het dat geloofsbelydenis 'n voorwaarde vir Nagmaal is. Wie Nagmaal vier, sien Calvin as 'n geloofsdaad wat ons een-wees met Christus tot uitdrukking bring. Nagmaal moet verantwoordelik met 'n besondere belydenis gevier word. Waar Zwingli se Nagmaal-leer nog tekortgeskiet het, omdat hy Nagmaal slegs simbolies beskou as 'n gedagtenismaaltyd, het Calvin die groter waarheid besef.

Johannes 6 wys op Jesus wat 5 000 mense met vyf brode en twee vissies gevoed het. Met hierdie wonder het Jesus tegelyk die andersheid van sy Koningskap aangedui. Ons wat Hom gister vanuit Hebreërs as Hoëpriester kon bely, sien in Johannes 6 Hom as Koning wat op die see kon loop. Die skare wil Hom 'n koning maak, wat Hy nie vir hulle wil wees nie. Christus dui sy hemelse Koningskap aan deur Hom op uitgebreide wyse as die Brood van die lewe aan ons te openbaar (vgl. vs 26-40). Die Jode het gemurmureer omdat Jesus gesê het dat Hy die brood is wat uit die hemel neergedaal het (vs 41). Die volk wil nie geestelike voedsel hê nie, hulle soek brood wat die maag vul.

Jesus wys al hoe duideliker in hierdie hoofstuk dat Hy die lewende brood is; as iemand van hierdie brood eet, dan eet so een die brood van die ewige lewe. Jesus gee treffend uitdrukking aan hierdie eenheid wat daar deur die Nagmaal met Hom is, want soos wat die brood wat ons met Nagmaal eet, een word met ons liggame, so is Christus wat Homself direk met die brood identifiseer, die Een wat dit bekendmaak dat die brood dui op sy liggaam.

Nagmaal verkondig die eenheid wat daar met Christus na vore kan kom, maar wil tegelyk 'n baie duidelike skeidslyn trek tussen gelowiges en ongelowiges. Om die Nagmaal te eet, wat Jesus noem dat ons sy liggaam eet en sy bloed drink, dui gewoon om in Jesus te glo. Dit waarmee al die Kerkhervormers die Reformasie gevul het, dui ook op die sentrale tema van Johannes dat die ewige lewe alleen vanuit die geloof ontvang kan word.

*Sing: Psalm 78-1:1, 9*

*Ds. PJ Venter (Petrus) (Pretoria)*